JOE CREWS

# HOE EVOLUSIE DIE WETENSKAPTOETS GEDRUIP HET

Kopiereg © 1980 deur
Joe Crews

Alle regte voorbehou.

In Afrikaans vertaal deur
Anita van Deventer

Vir gebruik in die
Transvaal Konferensie

Buiteblad deur Helcio DesLandes

# HOE EVOLUSIE DIE WETENSKAPTOETS GEDRUIP HET

Onlangs het ek met ‘n man gesels met ‘n sonderlinge hoeveelheid geloof. Daar was geen sweempie van twyfel in sy opgewekte beskrywing van die mens se oorsprong en bestemming nie. Hy was ‘n evolusionis wat ek op die vliegtuig ontmoet het. Met ongelooflike vertroue het hy die onmeetlike tydperk van die prehistoriese era oorbrug om die bestaan van moderne plant- en dierelewe te verduidelik. Sy gedetailleerde beskrywing van menslike opgang van ‘n klein, eensellige swerwer was so lewendig en oortuigend dat ‘n mens byna kon glo dat hy die mikroskopiese amebe in ‘n man sien verander het.

Wat is hierdie evolusieleerstelling wat sy volgelinge met soveel geloof besiel? Hoe het dit vooraanstaande wetenskaplikes verander in dogmatiese opponente van enige ander sienswyse? Baie evolusionêre wetenskaplikes het hulle professionele invloed verenig om enige klaskameronderrig te verbied wat in teenstelling is met hulle eie sienswyses. Verdien die teorie van evolusie hierdie tipe fanatiese ondersteuning, wat alle teenstrydige idees die swye oplê? Wanneer godsdienstige mense so ‘n standpunt inneem, word hulle dwepers genoem, maar dit blyk dat wetenskaplikes daardie aantyging vryspring. In Februarie 1977 het byna 200 lede van die akademiese gemeenskap briewe aan skoolrade regoor die Verenigde State van Amerika gestuur en daarop aangedring dat geen alternatiewe idees oor herkoms in klaskamers toegelaat word nie.

Dit dui aan dat die evolusioniste die dreigement besef van ‘n stygende opstand teen die stereotipe, teenstrydige weergawes van hulle teorie.  Baie studente soek na eerlike antwoorde op hulle vrae oor die oorsprong en doel van lewe.  Vir die eerste keer moet die verouderde oorlewering van evolusie verdedigend optree.  Laat ons egter kyk na wat hulle moet verdedig.  Dan sal u verstaan waarom hierdie evolusionêre wetenskaplikes mense is wat so ‘n sonderlinge geloof het, en waarom hulle so bevrees is om mededinging op skoolvlak te trotseer.

## Spontane Selfontstaan

Hoe verduidelik die evolusionis die bestaan van daardie eerste eensellige dier waaruit daar veronderstel word dat alle vorms van lewe ontstaan het?  Vir baie jare was die mediëval idee van selfontstaan die aanvaarde verduideliking.  Volgens Webster is selfontstaan “die voortbrenging van lewe van nie-lewende materiaal … [dit word geneem] van die oortuiging, nou laat vaar, dat organismes wat in verrottende organiese materie gevind word, spontaan daaruit ontstaan het.”

Eenvoudig gestel, beteken dit dat indien toestande van temperatuur, tyd, plek, ensovoorts geskik is, verrottende materie eenvoudig in organiese lewe verander.  Hierdie simplistiese idee het die wetenskaplike denke gedomineer tot in 1846, toe Louis Pasteur die teorie heeltemal vernietig het met sy eksperimente.  Hy het die totale begrip as volslae dwaasheid ontbloot.  Onder gekontrolleerde laboratoriese toestande, in ‘n semi-vakuum, het geen organiese lewe ooit uit verrottende, nie-lewende materie ontstaan nie.  Dit was onwillig verwerp as ‘n geldige wetenskaplike vraagstuk.  Vandag probeer geen eerbare wetenskaplike om dit op ‘n bewysbare grondslag te verdedig nie.  Dit is waarom Webster sê dat dit “nou laat vaar” is.  Dit was nooit

en kan nooit in die proefbuis bewysbaar wees nie. Geen huidige metode is waargeneem wat moontlik die idee van selfontstaan kan ondersteun nie. Dit is duidelik dat indien selfontstaan werklik in die verre verlede plaasgevind het om die eerste vonk van lewe te gee, moet daar aanvaar word dat die wette wat lewe beheer, heeltemal anders was as wat dit nou is. Maar wag ‘n bietjie! Dit is ook nie die antwoord nie, want die totale evolusionêre teorie berus op die aanvaarding dat toestande op die aarde deur die eeue eenvormig gebly het.

Begin u om die verleentheid te besef van die evolusioniste in die verduideliking dat die eerste amebe, of swerwer, of wat ook al die eerste sel van lewe gevorm het? Indien dit spontaan ontstaan het sonder enige vorige lewe, is dit teenstrydig met ‘n basiese wet van die natuur wat die grondslag vorm van die volledige teorie. Nogtans, sonder oortuiging van selfontstaan, sal die evolusioniste moet toegee dat iets anders as natuurlike magte aan die werk is – met ander woorde, God. Hoe kom hulle verby hierdie verleentheid?

Dr. George Wald, Nobelpryswenner van Harvard Universiteit, stel dit so kripties en eerlik as wat ‘n evolusionis dit kan doen:

> “’n Mens moet slegs die belangrikheid van hierdie taak oorweeg om te erken dat die selfontstaan van ‘n lewende organisme onmoontlik is. Ons is egter hier – as ‘n gevolg, glo ek, van selfontstaan.” *Scientific American,* Augustus 1954.

Daardie stelling deur Dr. Wald bewys ‘n baie groter oortuiging as wat ‘n godsdienstige wat in die skepping glo, kan bemeester. Let daarop dat die vooraanstaande evolusionêre wetenskaplike sê dat dit nie kon gebeur het nie. Dit was onmoontlik. Nogtans glo hy dat dit gebeur het. Wat kan ons sê van so ‘n soort oortuiging? Ten minste glo diegene wat die skepping aanvaar dat God *in staat was* om slegs te kon spreek en lewe het ontstaan.

Hy het nie ‘n blinde geloof in iets wat hy toegee om onmoontlik te wees nie.

Hier is ons dus nou, van aangesig tot aangesig met die eerste teenstelling van evolusie met ‘n basiese wet van wetenskap. Ten einde sy humanistiese verduideliking van die oorsprong van lewe te ondersteun, moet hy die plofbare, onwetenskaplike teorie van selfontstaan aanvaar. En die groot vraag is dit: Waarom is hy so erg gekant teen die selfontstaan waarvan in die Bybel gepraat word? ‘n Wonderwerk van skepping is in beide gevalle nodig. God het dit óf deur goddelike bevel gedoen, óf blinde, onintelligente natuur het Wald se onmoontlike daad voortgebring. Laat enige redelike verstand die alternatiewe vir ‘n oomblik oorweeg. Verg dit nie meer geloof om te aanvaar dat toeval lewe kon produseer as wat dit neem om te glo dat oneindige intelligensie dit kon produseer?

Waarom het Dr. Wald gesê dat selfontstaan van lewe onmoontlik was? Dit was nie ‘n maklike toegewing vir ‘n erkende evolusionis om te maak nie. Sy uitgebreide soektog na ‘n wetenskaplike verduideliking het in mislukking geëindig, soos ook vir alle ander evolusionêre wetenskaplikes, en hy het die moed gehad om dit te erken. Hy het egter ook ‘n ongelooflike oortuiging gehad om daarin te glo selfs al was dit ‘n wetenskaplike onmoontlikheid. ‘n Christen wat so ‘n geloof bely, sal kinderlik en liggelowig genoem word. Watter verskil maak die mantel van hoër opvoeding nie op ons maklik beïndrukbare verstande nie! Hoeveel eenvoudiger en aangenamer die geloof wat die geïnspireerde verslag aanvaar: “In die begin het God die hemel en die aarde geskape.” Genesis 1:1.

## Toevallige Lewe –
## ‘n Belaglike Onwaarskynlikheid

Wat sou betrokke wees met die toevallige ontwikkeling van ‘n enkele lewende sel? Die werklikheid is dat die mees elementêre vorm van lewe meer gekompliseerd is as enige mensgemaakte ding op aarde. Die totale gebouekompleks van New York stad is minder gekompliseerd as die samestelling van die eenvoudigste mikroskopiese sel. Dit is meer as belaglik om te praat oor die toevallige produksie daarvan. Self wetenskaplikes verseker ons dat die struktuur van ‘n enkele sel ongelooflik ingewikkeld is. Die kans vir die gepaste kombinasie van molekules in aminosure, en dan in proteïne met die eienskappe van lewe is heeltemal onrealisties. *American Scientist* tydskrif het in Januarie 1955 die volgende erkenning gemaak:

> “Uit die waarskynlikheidstandpunt, sou die beskikking van die huidige omgewing in ‘n enkele aminosuur molekule uiters onmoontlik wees in al die tyd en spasie wat vir die oorsprong van aardse lewe beskikbaar is.”

‘n Sweedse wiskundige, Charles Eugene Guye, bereken die kanse teen so ‘n gebeurtenis teen slegs een kans in 10(160). Dit beteken 10 vermenigvuldig 160 keer met homself, ‘n getal wat te groot is om selfs uit te spreek. ‘n Ander wetekenskaplike het dit op hierdie manier uitgespreek:

> “Die hoeveelheid materie om saamgeskud te word om ‘n enkele molekule van proteïn te produseer, sou miljoene kere groter wees as die in die hele heelal. Vir dit om op die aarde alleen voor te kom, sou baie, byna eindelose, biljoene jare geneem het.” *The Evidence of God in an Expanding Universe,* bl. 23.

Hoe kan ons die naïewe volhouding van evolusioniste beskryf om iets te glo wat so strydig is met hulle karakter en wetenskaplike agtergrond? En hoe kan ons die normale onbekrompe verdraagsaamheid van die geleerdes harmoniseer met die bekrompenheid wat deur baie evolusionêre

wetenskaplikes vertoon word deur te probeer om teenstrydige sienswyses te onderdruk? Die waarskynlike verduideliking sou blyk om gewortel te wees in die desperaatheid van sulke evolusioniste om hulle reputasie te behou as die alleenbeskikkers van dogmatiese waarheid. Om toe te gee aan 'n meerderwaardige wysheid, was te lank deur die evolusionistiese gemeenskap verwerp. Hulle het hulle opvattings vir so lank herhaal ter ondersteuning van hulle teorieë, dat hulle dit as feite begin aanvaar het. Niemand maak beswaar teen hulle aanvaardings van wat hulle ookal wil aanneem nie, maar om gebeurtenisse te aanvaar wat teenstrydig is met alle wetenskaplike bewyse en dit nog steeds wetenskap te noem, is oneerlik.

## Spontane Variasies –<br>Hoe Groot die Veranderinge?

Laat ons nou kyk na 'n tweede basiese evolusionistiese leerstelling wat in teenstelling is met wetenskaplike wet. Een van die noodsaaklikste dele van evolusie, wat veronderstel is om die krag te verskaf om die amebe in 'n mens te verander, is *spontane variasie.* Dit verwys na abnormale veranderinge in die organisme wat aanvaar word dat dit veroorsaak word deur chemiese veranderinge in die gene self. Die gene is die oorerflike faktore in die chromosome van elke spesie. Elke spesie het sy eie besondere getal chromosome wat die gene bevat. In elke menslike wese is daar 46 chromosome wat 'n beraamde 100,000 gene bevat, elkeen waarvan in staat is om op een of ander manier die grootte, kleur, tekstuur of kwaliteit van die individu te beïnvloed. Die aanvaarding is dat hierdie gene, wat die oorerfbare karaktertrekke bevat wat ons van ons voorouers kry, soms beïnvloed word deur ongewone paring, chemiese skade, of

ander invloede, wat veroorsaak dat hulle ‘n ongewone verandering in een van die nasate veroorsaak. Hierna word verwys as ‘n spontane variasie (mutasie). Deur geleidelike veranderinge wat in die onderskeie spesies teweeggebring word deur spontane variasie, word deur evolusioniste aangeneem dat die amebe het in ‘n ongewerwelde dier verander, wat ‘n amfibie geword het, toe ‘n reptiel, toe ‘n viervoetige dier, ‘n aapvorm, en uiteindelik ‘n mens. Met ander woorde, daar is nie bepaalde spesies in die oë van die evolusioniste nie. Families dryf gedurigdeur na ‘n hoër vorm met die verloop van tyd. Dit beteken dat al die fossielrekords van dieregeskiedenis ‘n volslae afwesigheid behoort te openbaar van noukeurige familieskeidings. Alles behoort in die proses van verandering na iets anders te wees – met letterlik honderde der miljoene visse wat verander in amfibieë en reptiele wat halfpad in voëls verander en soogdiere wat soos half-ape of half-mense lyk.

Almal weet natuurlik dat in plaas daarvan om daardie biljoene deurmekaar en halfontwikkelde fossiele te vind, die wetenskaplikes presies die teenoorgestelde gevind het. Nie een enkele veranderende lewensvorm was bestudeer nie. Alles bly binne die goedgedefinieerde perke van sy eie basiese soort en weier om te voldoen aan die vereistes van moderne evolusioniste. Die meeste mense sou hulle teorie prysgee en verander wanneer hulle so ‘n verpletterende slag in die gesig staar, maar nie die evolusionis nie! Hy soek nog steeds na daardie denkbeeldige vermiste skakel wat ten minste kan bewys dat hy nie 100 persent verkeerd was nie.

Kom ons kyk waarop die evolusioniste staatgemaak het om die ***moontlikheid*** te voorsien van die drastiese veranderinge wat deur hulle teorie vereis word. Sir Julian Huxley, ‘n hoofsegsman vir evolusie, het die volgende gesê:

“Spontane variasie voorsien die grondstof van evolusie.”

Weer het hy gesê, “Spontane variasie is die uiteindelike bron van alle … erfbare variasie.” *Evolution in Action,* bl. 38.

Professor Ernst Mayr, ‘n ander leier van die evolusioniste het hierdie stelling gemaak:

“Dit moet egter nie vergeet word dat spontane variasie die uiteindelike bron van alle genetiese variasie is wat in natuurlike bevolkings gevind word en die enigste grondstof wat beskikbaar is vir natuurlike seleksie om mee te werk.” *Animal Species and Evolution,* bl. 170.

Hou hierdie asseblief duidelik in gedagte: Evolusioniste sê dat spontane variasie ‘n absolute noodsaaklikheid is om die genadelose opgradering te voorsien van spesies wat die eenvoudige vorms in meer ingewikkelde vorms verander. MAAR – die wetenskaplike feit is dat spontane variasie NOOIT kon regkry waarop evolusie aanspraak maak nie, en wel om verskeie redes. Soos wat alle wetenskaplikes saamstem, is spontane variasies baie skaars. Huxley skat dat slegs ongeveer een in ‘n honderdduisend ‘n variasie is. Tweedens, wanneer dit wel voorkom, is hulle feitlik verseker skadelik of dodelik vir die organisme. Met ander woorde, die grootste meerderheid van sodanige spontane variasies lei na uitwissing in plaas van evolusie; hulle maak die organisme slegter in plaas van beter. Huxley erken: “Die grootste hoeveelheid variasies in gene is skadelik in hulle uitwerking op die organisme.” Ibid. bl. 39.

Ander wetenskaplikes, insluitende Darwin self, het die gevolgtrekking gemaak dat die meeste variasies skuilend en degeneratief is; hulle sal daarom in werklikheid deur natuurlike seleksie uitgewis word, eerder as om enige betekenisvolle verbetering in die organisme teweeg te bring. Professor G.G. Simpson, een van die vooraanstaande spreekbuise vir evolusie, skryf oor veelvuldige, gesamentlike spontane variasies en rapporteer dat die wiskundige moontlikheid om goeie

evolusionêre resultate te verkry slegs eenkeer in 274 biljoen jaar sal voorkom! En dit sou wees met die veronderstelling dat 100 miljoen individue *elke dag* ‘n nuwe geslag sou produseer! Hy sluit af deur te sê:

> “Dit is duidelik … dat so ‘n proses glad geen rol in evolusie gehad het nie.” *The Major Features of Evolution,* bl. 96.

Klink hierdie vir u ‘n bietjie verwarrend! Hulle sê dat spontane variasies nodig is om die veranderinge teweeg te bring wat deur hulle teorie vereis word, maar hulle moet nogtans bely dat dit ‘n wetenskaplike onmoontlikheid is vir menigvuldige spontane variasies om die veranderinge te maak. Dit is te tipies van die verwarrende draaie wat deur ons evolusionistiese vriende gemaak word in hulle pogings om ‘n plofbare teorie te behou. Dus is die tweede punt vasgestel wat teenstrydig is met wetenskaplike beginsels.

Spontane variasies, het natuurlik ‘n uitwerking op geringe veranderinge binne die basiese soorte, maar daardie veranderings is beperk en produseer nooit ‘n nuwe familie nie. Hulle kan baie van die verskeidenheid van beide plante en diere verduidelik, maar kan nooit die ontstaan van basiese soorte verduidelik wat deur evolusie vereis word nie.

## Fossiele Ondersteun die Skeppingsleer

Aangesien ons ontdek het dat die fossielverslag geen ondersteuning bied vir die idee van spesies wat geleidelik in ander spesies verander het nie, laat ons nou kyk of fossielgegewens in ooreenstemming met die Bybel is. Tien keer in die boek van Genesis lees ons van God se opdrag aangaande die voortplanting van Sy skepsels – *“elkeen volgens sy soort.”* Die woord “soort” verwys na spesies, of families. Elke geskape familie moes slegs sy eie soort voortbring. Dit sluit vir altyd die

aanhoudende veranderende proses uit wat deur organiese evolusie vereis word waar een spesie in ‘n ander verander.

Let daarop dat God nie gesê het dat daar geen veranderinge binne die familie kon wees nie. Hy het nie al die soorte honde, katte, perde, ensovoorts heel in die begin geskape nie. Daar was slegs een manlike en een vroulike van elke spesie, en baie veranderinge het sedertdien binne die familie plaasgevind. Hou dit asseblief duidelik in gedagte dat katte altyd katte gebly het, honde is nog steeds honde, en mense is nog steeds mense. Spontane variasie was slegs verantwoordelik om ‘n nuwe verskeidenheid van dieselfde spesie voort te bring, maar het nooit ‘n ander nuwe soort voortgebring nie. Selektiewe aanteling het ook geweldige verbeterings gebring soos horinglose beeste, wit kalkoene, en pitlose lemoene, maar al die organismes gaan voort om presies voort te bring soos wat God by die Skepping opdrag gegee het – volgens sy soort.

Die “gemene voorouer” waarop evolusie aanspraak maak, het nooit bestaan nie. Daar is nie ‘n “vermiste skakel” nie. Die mens en ape is veronderstel om van dieselfde diere voorouers af te stam! Selfs sjimpansees en baie aapgroepe verskil geweldig. Sommige is slim, andere dom. Sommige het kort sterte en andere langes. Sommige het glad geen sterte nie. Hulle getal tande verskil. ‘n Paar het duime en andere het nie. Hulle gene is anders. Hulle bloed is anders. Hulle chromosome kom nie ooreen nie. Interessant genoeg, paar ape slegs met ape, sjimpansees met sjimpansees en bobbejane met bobbejane.

Wanneer ons egter mense met ape begin vergelyk, kry ons selfs meer onmoontlike verskille as die onder die aaptipes. Hierdie verskille verskaf inderdaad ‘n ander onbeantwoorde ondersteuning vir die Bybelse reël van “volgens sy soort.” Die feit dat sommige ape geleer kan word om ‘n pyp te rook, ‘n motorfiets te ry, of selfs ‘n proefbuis in ‘n laboratorium kan optel, bewys nie

dat wetenskaplikes ontwikkelde diere is nie, of dat ape vertraagde, ontwikkelende mense is nie.

Dit is alreeds genoem dat evolusioniste verwag het dat die fossielverslag hulle teorie van spesieveranderinge moes ondersteun. Hulle leerstelling het groot getalle skubagtige reptiele vereis wat hulle skubbe in vere verander het en hulle voorpote in vlerke. Ander reptiele was veronderstel om in harige viervoetige diere te verander. Het hulle daardie duisende mult-veranderende skepsels gevind? Nie een nie! Dit maak nie saak deur watter spesifieke aardlaag hulle gesif het nie, al die fossiele was maklik herkenbaar en geklassifiseer binne hulle eie families, net soos wat God beveel het. Indien die evolusionêre leerstelling waar was, sou die aardlaag met honderde miljoene veranderende vorms met gekombineerde gelaatstrekke van twee of meer spesies oorgeloop het. Nie net dit nie, maar *op hierdie oomblik* sou daar miljoene en miljoene waarneembare lewende omskakelings gewees het na 'n hoër vorm. Darwin het bely:

> "Daar is twee- of driemiljoen spesies op aarde. 'n Mens kan dink dat dit 'n voldoende veld vir waarneming is; maar daar moet vandag gesê word dat ten spyte van al die bewyse van opgeleide waarnemers, is daar nie een verandering van die spesie na 'n ander op rekord nie." *Life and Letters,* Vol. 3, bl. 25.

Hoe interessant! Waarom dan daarop aandring dat dit so moet wees? Dit is een van die verbasende dinge van diegene wat aan 'n tradisionele teorie vasklou.

Selfs die oudste fossielvorms in die diepste fossiellae, het onversetlik dieselfde gelaatstrekke van hulle moderne ekwivalente behou, en dit is amusant om te luister na die uitroepe van verbasing deur die evolusioniste. Diegene wat in die skepping glo, is geensins verbaas nie. Sy Bybel het vir hom gesê dat dit so sou wees, en hy word nie gedwing om te wonder oor

teenstrydige bewyse nie.

## Die Raaisel van die Leë Aardlaag

'n Ander frustrasie vir die arme evolusioniste is die vreemde verskynsel van die leë aardlaag. Terwyl 'n mens diep in die aarde indelf, verskyn een aardlaag na die ander. Dikwels kan ons die lae duidelik uitgebeeld sien aan die kant van 'n berg of waar 'n pad deurgesny is. Geoloë het die opeenvolgende aardlae wat die een op die ander gestapel is, name gegee. As 'n mens byvoorbeeld in die Grand Canyon afdaal, beweeg jy afwaarts verby die Mississippi, Devoon, Kambrium, ensovoorts, soos wat hulle deur die wetenskaplikes gemerk is.

Hier is nou die verleentheid vir die evolusioniste: Die Kambrium is die laaste aardlaag van die dalende vlakke wat enige fossiele daarin het. Al die laer aardlae onder die Kambrium het absoluut geen fossielrekord van lewe nie behalwe 'n bietjie eensellige tipes soos bakterieë en alge. Waarom nie? Die Kambriumlaag is vol van al die hoofsoorte van diere wat vandag gevind word, behalwe die werweldiere. Met ander woorde, daar is niks primitief oor die struktuur van hierdie mees antieke fossiele wat aan die mens bekend is nie. Hoofsaaklik vergelyk hulle met die ingewikkeldheid van huidige lewende wesens. Die groot vraag is egter: *Waar is hulle voorgangers?* Waar is al die ontwikkelende dierasies wat sou gelei het tot hierdie hoogsontwikkelde fossiele? Volgens die teorie van evolusie, behoot die Prekambrium aardlaag gevul te wees met meer primitiewe vorms van hierdie Kambrium fossiele in die proses van opwaartse ontwikkeling.

Darwin het in sy boek, *Origin of the Species,* erken:

"Op die vraag waarom ons nie ryk fossielagtige neerslae

vind wat aan hierdie veronderstelde vroegste periodes voor die Kambriumstelsel behoort nie, kan ek geen bevredigende antwoorde gee nie … die saak moet vir eers onverklaarblaar bly; en kan eintlik gebruik word as 'n geldige argument teen die sienswyses hierin vervat." Bl. 309.

Hoe verbasend! Darwin het erken dat hy geen manier het om sy teorie te verdedig nie, maar wou nog steeds nie sy teorie aanpas om met die onbeantwoordbare argumente daarteen, saam te stem nie.

Baie ander evolusionistiese wetenskaplikes het soortgelyke teleurstelling en frustrasie getoon. Dr. Daniel Axelrod van die Universiteit van Kalifornië noem dit:

"Een van die vernamer onopgeloste probleme van geologie en evolusie." Science, Julie 4, 1958.

Dr. Austin Clark van die U.S. National Museum het aangaande die Kambrium fossiele soos volg geskryf:

"Vreemd soos dit mag lyk … was weekdiere net so onmiskenbaar weekdiere soos tans." *The New Evolution: Zoogenesis,* bl. 101.

Drs. Marshall Kay en Edwin Colbert van Columbia Universiteit het in hierdie woorde oor die probleem gewonder:

"Waarom moet sulke ingewikkelde organiese vorms in rotse wees wat ongeveer 600 miljoen jaar oud is en afwesig of onherkenbaar wees in die rekords van die voorafgaande tweebiljoen jaar? … Indien daar evolusie van lewe was, is die afwesigheid van die vereiste fossiele in die rotse ouer as die Kambrium, verwarrend." *Stratigraphy and Life History*, bl. 102.

George Gaylord Simpson, die "Kroonprins van Evolusie", het dit soos volg opgesom:

"Die skielike verskyning van lewe is nie slegs die mees verwarrendste kenmerk van die hele fossielrekord nie, maar

ook die grootste tekortkoming daarvan." *The Evolution of Life,* bl. 144.

In die lig van hierdie geforseerde erkennings van mislukking om ondersteunende wetenskaplike bewyse te vind, hoe kan hierdie wetenskaplikes voortgaan om so aanmatigend hulle wankelrige sienswyses te promoveer? Geen wonder dat hulle daarteen veg dat studente die teenstrydige argumente moet hoor nie. Onpartydige en openhartige navorsing sal hul standpunte laat verkrummel.

Die afwesigheid van Prekambrium fossiele wys na een belangrike feit wat onaanvaarbaar vir die evolusioniste is – 'n skielike skeppende daad deur God van al wat lewe, op dieselfde tydstip. Hulle aansprake dat die skepping onwetenskaplik is, word slegs gedoen om hulle eie gebrek aan ware bewyse te kamoefleer. Die oormaat van fisiese wetenskaplike inligting is aan die kant van skepping en nie evolusie nie.

## Eenvormigheid of die Vloed?

Die onderwerp van aardlae lei na die interessante vraag van hoe hierdie lae gevorm was, en waarom die evolusioniste hulle ouderdom op biljoene jare skat. Die datering van daardie lae was gedoen op die basis van die teorie van eenvormigheid. Hierdie teorie neem aan dat al die natuurlike prosesse wat in die verlede gewerk het, presies gewerk het soos wat hulle vandag werk. Met ander woorde, die vorming van daardie aardlae kan slegs verduidelik word op die grondslag van wat ons nou in die wêreld sien gebeur. Wetenskaplikes moet bepaal hoe lank dit neem vir neerslae om 'n 30 sentimeter aardlaag te vorm. Daardie tydperk word dan toegewys aan enige 30 sentimeter laag, ongeag hoe diep dit in die aarde gesetel is.

Is dit 'n geldige veronderstelling om te maak? Was al die

natuurlike magte van die verlede net soos wat ons vandag kan demonstreer en verstaan? Hoe naïef en verwaand om eeue wat verby is aan ons beperkte waarneming en ondervinding te onderwerp! Ons kan aanvaar wat ons wil, maar dit bewys absoluut niks behalwe ons eie liggelowigheid nie. Die Bybel beskryf onomwonde ‘n Vloed wat die oppervlakte van hierdie aarde verwoes, die hoogste berge bedek, en al die plant- en dierelewe buite die ark vernietig het. Die vernietigende proses van die sondvloed word deur hierdie woorde in die Bybel beskryf:

> “Op dieselfde dag is al die fonteine van die groot watervloed oopgebreek, en die sluise van die hemel is geopen; en die stortreën was op die aarde veertig dae en veertig nagte lank.” Genesis 7:11,12.

Wetenskaplike bewyse bevestig die bestaan van die aardlae in volmaakte harmonie met die Bybelse rekord. Die wêreldwye Vloed van Genesis voorsien ‘n meer aanvaarbare verduideliking van die aardlae as evolusie se spekulasies. Soos wat die waters van die aarde teruggetrek het, het kragtige getye en strome die groot canyons in ‘n kort tydjie uitgekerf. Lae oorblyfsels, volgens die spesifieke gewig, was neergelê, wat plant- en dierelewe in ‘n kompakte aardlaag saamgepers het. Slegs op hierdie manier kan ons die wydverspreide oliereserwes en steenkoolneerslae oral op die wêreld verduidelik. Hierdie is die gevolg van plante en diereliggame wat onder uitermatige hitte en druk begrawe is. Daar vind vandag geen sodanige proses van fossilisasie plaas nie. Geen olie of steenkool word gevorm deur huidige natuurlike kragte wat aan die werk is nie. Eenvormigheid skiet hier te kort.

Die feit is, daar moes ‘n geweldige katastrofiese verandering van die natuur gewees het om miljoene ton plant- en dierelewe te vernietig en te begrawe. Die posisie van sommige fossiele wat regop staan deur een of meer aardlae, dui aan dat die proses nie stadig was of jarelank geneem het nie. Die materiaal moes vinnig

om die liggaam van die dier geval het, of dit sou nie in sy regop posisie gebly het nie. Miljoene visse was in die vloed begrawe, baie van hulle verwronge, asof hulle skielik deur 'n geweldige krag oorval was. Seelewe fossiele is reeds herwin vanaf die hoogste bergreekse, en 'n oorsiglys van ander wetenskaplike bewyse, wys na 'n wêreldwye sondvloed oor die hele planeet.

## Oorlewing van die Geskikste

"Natuurlike teeltkeuse" is 'n uitgedinkte uitdrukking van die evolusioniste om die oorlewing van die geskikste te beskryf. Eenvoudig gestel, dit is die natuurlike proses wat die sterkste van elke geslag in staat stel om te oorleef, en die swakker, wanaangepastes om uit te sterf. Die veronderstelling van evolusie is dat aangesien slegs die sterkste oorleef om die volgende geslag voort te plant, die spesies geleidelik sal verbeter, om selfs te vorder na ander meer hoër ontwikkelde stadiums volgens die evolusionêre maatstaf.

Darwin het geglo dat natuurlike teeltkeuse die belangrikste faktor was in die ontwikkeling van sy teorie. Baie van die vooraanstaande hedendaagse onderwysers van evolusie is totaal verward oor die belangrikheid hiervan. Sir Julian Huxley glo daarin, soos wat die stelling hieronder aandui:

> "Sover as wat ons weet, … is natuurlike teeltkeuse … die enigste doeltreffende werktuig van evolusie." *Evolution in Action* bl. 36.

Hy word hieroor bevraagteken deur nog een van die vooraanstaandes in die veld, Dr. Ernst Mayr:

> "Natuurlike teeltkeuse word nie langer beskou as 'n alles-of-niks proses nie, maar eerder as 'n suiwere statistiese konsep." *Animal Species,* bl. 7.

Hierdie teenoorgestelde sienswyses word deur G.G.

Simpson verwerp, wat vandag as die toonaangewende vertolker van die teorie beskou word. Hy het gesê,

> "Die Soektog na die beweegrede vir evolusie, is laat vaar. Dit is nou duidelik dat evolusie geen enkele oorsaak het nie." *The Geography of Evolution,* bl. 17.

Terloops, wanneer u lees van die eenheid en ooreenstemming ten opsigte van evolusie onder die wetenskaplikes, moenie 'n woord daarvan glo nie. Elkeen is naarstiglik besig om met nuwe spekulatiewe moontlikheid te eksperimenteer oor hoe die veranderinge plaasgevind het en dit dan te laat vaar wanneer dit net meer en meer belaglik lyk. Die een basiese beginsel waaroor hulle saamstem, is dat daar geen goddelike bevelskepping was soos wat in die Bybel beskryf word nie.

Kom keer vir 'n oomblik terug na die saak van natuurlike teeltkeuse. Wat is die bewys dat dit in werklikheid al die veranderinge wat in die oorgang van amebe na mens betrokke is, kan reproduseer? Is daar wetenskaplike stawing dat dit selfs een klein verandering kan maak? Wanneer daardie vrae beantwoord moet word, voer die spreekbuise vir evolusie van die windmakerigste passies uit in betekenisleer wat u al ooit gesien het en maak van die mees verbasende erkennings. Selfs al ondersteun Simpson natuurlike teeltkeuse as 'n faktor, erken hy die skaarsheid van bewyse met hierdie woorde:

> "Daar kan geargumenteer word dat die teorie redelik ongestaaf is en slegs status het as spekulasie." *Major Features,* bl. 118,119.
>
> Luister egter hoe Huxley in sirkels redeneer daaroor. Hy sê:
>
> "Op die grondslag van ons huidige kennis, is dit hoogs waarskynlik dat natuurlike teeltkeuse sekerlik genetiese aanpassings produseer: en genetiese aanpassing is daarom vermoedelike bewys vir die doeltreffendheid van natuurlike

teeltkeuse." *Evolution in Action,* bl. 48.

Het u daardie redeneerkuns gevolg? Sy bewys vir natuurlike teeltkeuse is aanpassing of verandering in die organisme, maar die verandering word deur natuurlike teeltkeuse veroorsaak! Met ander woorde: A=B; daarom is B=A. Sy "bewys" bewys niks nie. Was die verandering teweeggebring deur natuurlike teeltkeuse, of het hy natuurlike teeltkeuse uitgedink om die verandering te verduidelik? Dit is net so waarskynlik dat die veranderinge die natuurlike teeltkeuse teorie produseer het. Die belaglike ding is dat selfs die veranderinge van spesie tot spesie is nog nooit bewys nie. Soos wat ons alreeds gewys het, is daar nie een sweempie van fossiel of lewende bewys dat enige spesie in 'n ander verander het nie. Huxley se bewys vir natuurlike teeltkeuse is dus veranderinge wat nooit gebeur het nie, en die veranderinge wat nooit gebeur het nie, word aangebied as bewys vir natuurlike teeltkeuse. Hierdie is verseker die mees onbenullige redenasie om in 'n wetenskaphandboek gevind te word.

Laat ons egter voortgaan met Sir Julian se verduideliking oor die betroubaarheid van hierdie natuurlike teeltkeuseproses:

> "Om op te som, natuurlike teeltkeuse verander ewekansigheid in 'n rigting en blote toeval in 'n doelbewuste oogmerk. Dit werk met behulp van tyd om verbeterings aan te bring in die masjinerie van die lewe, en in die proses verskaf dit resultate van 'n meer as astronomiese onwaarskynlikheid wat op geen ander manier verkry kon word nie." *Evolution in Action,* bl. 54,55.

Moenie die bedoeling van daardie laaste sin miskyk nie. Die evolusionêre veranderinge wat deur natuurlike teeltkeuse teweeggebring word, is "astronomies onwaarskynlik", maar omdat ons vriend Huxley geen ander manier sien waarop dit gedoen kan word nie, glo hy in die astronomiese onwaarskynlikheid. Arme man! Hy is verkeerd wanneer hy sê dat die ingewikkelde

rangorde van lewe vandag nie op enige ander manier verkry kon word nie. God het die wonders van sel en gene geskep en al die miljoene prosesse wat die Nobelpryswenners verbysterd laat.

Aangesien Sir Julian egter nie in ‘n goddelike skepping glo nie, moes hy ‘n wonderwerkende proses uitdink om die bestaan van hierdie ingewikkelde skepsels te verduidelik – wat beslis op een of ander manier hier gekom het. Om die alvermoënheid van sy “natuurlike teeltkeuse” god te illustreer, het Huxley die kanse teen so ‘n proses bereken. Die berekeninge was gebaseer op die waarskynlikheid van elke gunstige evolusionêre faktor wat in staat was om ‘n perd voort te bring. Hou nou in gedagte dat hierdie alles ‘n toevallige ontwikkeling deur die werking van natuur, tyd, spontane variasies, en natuurlike teeltkeuse is. In sy boek *Evolution in Action* het Huxley die kanse op hierdie manier beskryf:

> “Die syfer 1 met driemiljoen nulle daarna: en dit sou drie groot boeke van ongeveer 500 bladsye elk neem, net om te druk! … Niemand sal op so ‘n onwaarskynlike gebeurtenis wed nie; en tog het dit gebeur.” Bl. 46.

Ons het voorheen kommentaar gelewer oor die vertroue van evolusioniste om die onmoontlike te glo. Aangesien hierdie syfer van saamgestelde waarskynlikheid in werklikheid nul is, hoe kan ‘n wetenskaplike verstand, in die afwesigheid van enige demonstreerbare bewys, so dogmaties wees in die verdediging van sy teorie? Waarom het Huxley ‘n wiskundige formule gebruik om die onmoontlikheid te bewys dat sy teorie kan werk? Miskien het hy die syfers gebruik om sy persoonlike getuienis te beklemtoon. Net soos wat wedergebore Christene geleenthede soek om hulle persoonlike getuienis van geloof in Christus uit te dra, vernietig Huxley die wetenskaplike moontlikhede van sy teorie ten einde die persoonlike geloofsaspek van sy persoonlike getuienis vir die god evolusie op te hemel.

Marshall en Sandra Hall in hulle boek *The Truth – God or Evolution?* deel hulle reaksie op Huxley se onsinnige geloof in die waarskynlike produksie van 'n perd. Dit is 'n gepaste klimaks om te bewys dat evolusie inderdaad die wetenskaptoets gedruip het.

> "En laat ons julle wat sulke kanse verspot vind, herinner (selfs al is julle weer deur Mnr. Huxley verseker), dat hierdie syfer vir die evolusie van 'n **perd** bereken was! Hoeveel meer boeke van nulle sou nodig gewees het vir Mnr. Huxley om 'n **menslike wese** te produseer? En dan sou u slegs een perd en een menslike wese gehad het, en tensy die wiskundige sou wou byvoeg by die waarskynlikheid vir die evolusie van al die plante en diere wat nodig is om 'n perd en 'n mens te ondersteun, sou u 'n onvrugbare wêreld gehad het waar nie een van die twee enige stadium van hulle veronderstelde evolusie sou kon oorleef nie! Wat het ons nou – die syfer 1 gevolg deur 'n duisend boeke van nulle? Voeg dan nog 'n duisend boeke by vir die onwaarskynlikheid dat die aarde al die nodige bestanddele vir lewe daarin vervat het. Voeg nog 'n duisend boeke by vir die onwaarskynlikheid van die son, en die maan, en die sterre. Voeg ander duisende by vir die evolusie van al die gedagtes wat die mens kan hê, al die objektiewe en subjektiewe werklikhede wat in ons kom en gaan soos deel van die polsslag van 'n onnaspeurlike heelal!
>
> "Voeg hulle almal by en u het lankal opgehou om te praat oor rasionele denke, baie minder wetenskaplike bewys. Nogtans gaan Simpson, Huxley, Dobzhansky, Mayr, en dosyne ander voort om ons te vertel dat dit die manier is wat dit moet wees! Hulle het teruggetrek van al die punte wat ooit enige skyn van geloofwaardigheid aan die evolusionêre teorie verleen het. Hulle hou hulleself nou besig met geheime wiskundige formulerings, gebaseer op bevolkingsgenetika, toevallige

neigings, afsondering, en ander metodes wat ‘n waarskynlikheid van **minus** nul het om rekenskap te gee oor lewe op aarde! Hulle prop ons biblioteke vol, en druk op die verstande van mense oral ‘n opgewekte wasbeeld af van ‘n teorie wat vir meer as ‘n dekade dood is.

“Evolusie het geen aanspraak daarop om as ‘n wetenskap gereken te word nie.

“Dit is tyd dat al hierdie snert ophou. Dit is tyd om die lyk te begrawe. Dit is tyd om die boeke na die humoristiese verdigsel afdeling van die biblioteke te verskuif.” Bl. 39, 40.

Hierdie voorbeelde van evolusionêre dwaasheid is slegs die punt van die ysberg, maar hulle verseker ons dat ons geen rede het om in die verleentheid te wees oor ons geloof in ‘n skepping nie. Miljoene Christene is geïntimideer deur die hoogdrawende tegniese taal van opgevoede evolusioniste, baie waarvan venynig is in hulle aanvalle op ‘n spesiale skepping. Wat ons nodig het, is meer inligting om die skuiwergate in die evolusieteorie bloot te lê; sy grondslag is so deurtrek met onwetenskaplike teenstrydighede wat dikwels verskuil is onder die omslagtige wetenskaplike brabbeltaal.

Om ons voorgeslagte na te spoor tot terug by die seuns van Adam, “wat die seun van God was,” is baie meer bevredigend as om deur aaklige moerasse te soek vir piepende swerwer voorsate. Die menslike ras het, selfs in ons leeftyd, ‘n hele paar grade dieper in morele verdorwenheid en geweldige wanorde verval. Humaniste haal ons dierlike oorsprong aan as ‘n verskoning vir baie van hierdie buitengewone gedrag. Waarom mense verantwoordelik hou vir dade wat deur hulle dierlike gene en chromosome voorgeskryf word? Hierdie rasionalisering, soos ‘n tydelike pleidooi vir kranksinnigheid, verleen toestemming vir verdere onverantwoordelike optrede. Die ware oorsaak vir boosheid en die ware geneesmiddel daarvoor word gevind slegs

in die Woord van God.  Sonde het die beeld van God in die mens geskaad, en slegs ‘n persoonlike ontmoeting met die volmaake Verlosser sal ‘n ommekeer bewerkstellig weg van die probleem van boosheid.